

# Kerkwees tot lof van die Here!

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:1-9**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:4**

Die stad Korinte was oral berug vir sy slegte lewe. Dit was 'n plek waar die evangelie, menslik gesproke, geen kans op sukses gehad het nie. Met groot angs en huiwering het Paulus daar begin, en dit met 'n boodskap wat vir die Jode 'n aanstoot en vir die Grieke 'n dwaasheid is. Op dié slegte plek waar hy ook so skerp met die Jode gebots het (Hand. 18:5-6), het God vir Paulus verseker dat Hy daar baie mense het (Hand. 18:9-10)!

In Paulus se dankbaarheid oor die gemeente kan jy hoor dat God daardie gemeente oorvloedig geseën het met die gawe van kennis en 'n verskeidenheid ander genadegawes. Só goed is die boodskap van Christus in Korinte gevestig, Korinte van alle plekke! Dán sien jy waarvan God in Handeling 18:9-10 gepraat het! Ook wat die toekoms betref, staan hierdie genade vas (1 Kor. 1:8-9).

In die sekerheid van God se duidelike genade aan die gemeente, soos wat Paulus dit in sy danklied uitspel, skryf hy die res van sy brief om hulle verder te onderrig, maar ook ernstig te vermaan.

As iemand nou nog wonder oor die sin van kerkwees, kry hy in die brief aan die Korintiërs en in Paulus se dankbaarheid oor die gemeente 'n duidelike antwoord en 'n belangrike sleutel om mee aan die werk te spring.

Kan jy, soos Paulus in 1 Korintiërs 1, sien wat God reeds in jou gemeente gedoen het? Dán het jy 'n vaste basis om dié dinge in die gemeente aan te pak waaraan daar nog gewerk moet word.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: E21